


Geopende *Deure* NUUSBRIEF

Geopende Deure Suider-Afrika – 50 jaar diens aan die vervolgte Kerk word gevier

©REUTERS: Damir Sagolj



2021 WWL-
gebedskaart
binne

Januarie / Februarie 2021

Jongste tendense in Christen-vervolging, p. 2 • Lewe in die tronk: Noord-Korea vs Eritrea, p. 3 •
Vanuit Jan se perspektief, p. 4 • Wat jy moet weet oor die 2021 Wêreldwaarnemingslys, p. 5



JONGSTE TENDENSE IN CHRISTEN-VERVOLGING

Meer as 340 miljoen Christene ervaar hoë vlakke van vervolging en diskriminasie weens hul geloof.

Altesaam 309 miljoene Christene in die top 50 lande op Geopende Deure se Wêreldwaarnemingslys vir 2021 ervaar baie hoë of uiterste vlakke van vervolging.

Die pandemie het in 2020 'n groot invloed op die vervolging van Christene wêreldwyd gehad. Hier is sommige van die algemene tendense wat Christene op vanjaar se Wêreldwaarnemingslys ervaar.

Covid-19-bepelings gebruik om Islamitiese ekstremisme in sub-Sahara Afrika te versprei

Suid van die Saharawoestyn in die Sahel-streek word Islamitiese ekstremisme deur ongeregtigheid en armoede aangevuur. Sommige groepe het hulself tot *jihad* (die heilige oorlog) teen die "ongelowiges" verbind, omdat hulle Christene blameer dat "Allah ons almal straf" met die pandemie. Die Menseregtekommissie het bekendgemaak dat daar tussen Januarie en Julie 2020, ondanks Covid-19-sluitings, meer as 85 aanvalle op opvoedkundige instansies in Burkina Faso, Mali en Niger was. Christene het gerapporteer dat die inperking hulle maklike teikens maak omdat die veiligheidsmagte blykbaar met plundersaars saamspan.

Ander lande wat erg hierdeur geraak word, is Nigerië (9), die Demokratiese Republiek van die Kongo (40) en Mosambiek (45).

Covid-19 maak verskerpte toesighouding en beperkings wettig

China het sy regulering in alle streke verskerp, en gebruik die bekamping van die pandemie as skuiergat om beperkings en toesighouding te verhoog. Namate China se globale invloed versprei, voorsien Chinese maatskappye, waaronder Huawei, toesighouding-tegnologie aan 63 lande, waarvan sommige bekend is vir die skending van menseregte en die teiken van etniese en godsdiensgroepe minderhede.

Ander lande wat erg hierdeur geraak word, is Iran (8), Saoedi-Arabië (14), Laos (22) en Mianmar (18).

Covid-19 vererger Christene se kwesbaarheid

Die pandemie het die bestaande sosiale, ekonomiese en etniese kwesbaarhede van miljoene Christene wêreldwyd vererger. Verskuilde houdings van verdrukking en onderdrukking het na vore gekom deur diskriminerende dade of woorde, soos aanlyn-haatspraak. Christene is in talle lande uitgesluit by noodleniging en die inperking het meegebring dat talle Christene beperkte spasies moes deel met diegene wat vyandig teenoor hul geloof is.

Lande wat erg hierdeur geraak word, is Pakistan (5), Jemen (7), Indië (10), Soedan (13), Mianmar (18), Vietnam (19), Bangladesj (31), Nepal (34) en Maleisië (46).

LEWE IN DIE TRONK

Noord-Korea vs Eritrea

In die 1990's het Hee-Yol* (n slagoffer van mensehandel) tydens die groot hongersnood vanaf Noord-Korea (1) na China gevlug, waarna sy n Christen geword het. Ongelukkig is sy teruggestuur Noord-Korea toe, waar sy tronk toe is omdat sy haar land verlaat is. In Eritrea (6), wat as die "Noord-Korea van Afrika" bekendstaan, is Shiden* (in sy 30's) in sy twintigerjare tronk toe gestuur nadat hy by n geheime aanbiddingsdiens gearresteer is.

Beide Hee-Yol en Shiden het aaklige behandeling in die tronk ervaar.

Soos diere behandeling

Hee-Yol en die ander gevangenes het hul daaglikse skedule in die tronk die "mal vrou se dag" genoem.

"Wanneer ons bedags beveel is om bome af te kap, moes ons bome afkap. Wanneer ons groente moes kry, moes ons vir die kos grawe. En wanneer hulle ons geroep het om menslike ontlasting te hanteer, moes ons dit met ons kaal hande optel... en met dieselfde vuil hande sou ons middagete eet," onthou Hee-Yol.

Verottende kos en rys met klippe in het hulle tande beskadig. Snags is hulle met luise, weeluisse, kakkerlakke en rotte geteister in hul klein sel met sowat 50-60 gevangenes.

Moeilike lewe ná die tronk

Shiden het ondenkbare marteling deurgemaak, wat so erg was dat hy in ernstige depressie verval het toe hy uit die tronk vrygelaat is.



Die tronk is n deurlopende bedreiging vir gelowiges in Noord-Korea.

In een tronk het hy n metaal-vraghouer met 30-40 ander gevangenes gedeel. Hulle het slegs een toiletbreuk van tien minute per dag gehad, waar hulle hulself agter n nabygeleë struik moes verlig terwyl die wagte toegekyk het. Die gebrek aan sanitasie het tot gereelde diarree-uitbrekings gelei.

In n ander tronk, waar hy vir tien jaar was, is hy gereeld vir sowat ses maande op n keer alleen opgesluit in n piepklein sel waar hy nie eens sy arms kon uitstrek of regop kon staan nie. Hy het een keer per dag n koppie tee en n sny brood ontvang.

Hee-Yol en Shiden het ondanks die pyn en lyding getrou aan God gebly. Vandag is albei uit die tronk vrygelaat. Hee-Yol gaan voort om die Here in Suid-Korea te dien. Shiden kry steeds emosioneel swaar, maar sê: "Ek sal die Here dien tot ek doodgaan."

Bid asseblief vir die talle Christene wat steeds in die tronk is weens hul geloof – vir kak en uithouvermoë.

*Name verander en verteenwoordigende foto gebruik vir sekuriteitsredes.

UIT JAN SE PERSPEKTIEF

Beste vennoot van die vervolgte Kerk

Wanneer ek na die 2021 Wêreldwaarnemingslys kyk, sien ek dat die vlakke van vervolging in talle lande weereens vererger het en dat drie addisionele sub-Saharalande nou op die lys is. Terwyl ek hierna kyk, wil ek namens ons vervolgte familie uitroep: *"Hoe lank moet ek om hulp roep voordat U hoor, Here?"* (Habakuk 1:2).

Dit skok my om oor die toestande in tronke in Noord-Korea en Eritrea te lees (bl. 3), maar dit wys my ook hoe lief Christene in hierdie lande en ander lande vir die Here is. Hulle is gewillig om Sy sout en lig te wees, ongeag die koste.

h Broer in die Persiese Golf is h paar maande gelede tot ses jaar tronkstraf gevonnisd omdat hy die Evangelie versprei het. h Medewerker van Geopende Deure het hom van ons gebede verseker en gesê: *"Ons sal vir jou bid dat die Here, soos met Daniel en sy vriende, by jou sal wees in hierdie smeltkroes en beproewing, en jy ongedeerd sal bly."* Die broer het met

Daniel 3:18 geantwoord: *"Maar broer, selfs as Hy dit nie doen nie, sal ek getrou aan Hom bly."*

Ons vervolgte broers en susters is gewillig om die lig van die Here te laat skyn, selfs tot by die dood. Hulle het ons gebede en ondersteuning in die nuwe jaar meer as ooit tevore nodig.

Dankie dat jy in jou gebede en ondersteuning by hulle staan. Jou liefde bevestig dat hulle nooit alleen is nie, en dit gee hulle hoop!

Terwyl ons in die nuwe jaar kragte saamsnoer om by ons vervolgte familie in Christus te staan, bid ek dat hierdie jaar met die Here se vrede, voorsiening en liefde gevul sal wees.

Saam in Sy diens



Jan Gouws, Uitvoerende Direkteur
Geopende Deure Suider-Afrika



Geopende Deure Suider-Afrika vier op 8 Mei 2021
altesaam 50 jaar van liefde en diens aan die
vervolgte Kerk. Alle eer aan God!

**DAGBOEK
DIE DATUM
8 MEI 2021**



Open Doors South Africa

Posbus 1771, Cresta, 2118

T +27 11 888 9341

F +27 11 888 9362

E southafrica@od.org

I www.openddoors.org.za

Bankbesonderhede: Suid-Afrika, **Geopende Deure - Open Doors, Absa - Northcliff (632005), Rekeningnr. 160340568**
Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552

Bankbesonderhede: Namibië, **Open Doors Namibia, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**

(Faks asseblief die bewys van betaling na: +27 11 888 9362)

Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika.

Inligting korrek by ter perse gaan. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandre by [milandre@od.org](mailto:milandreh@od.org)

REG # 2004/023397/08 | Drukwerk deur Resolution Litho